
# Jongensfontein Natuurreservaat



## Die negende kwartaalikse nuusbrief en tweede uitgawe van 2026

Na goeie reën die afgelope maande, bars die Reservaat behoorlik uit sy nate, alles staan welig en in volle blom. Terwyl die skilpaaie en slange hiberneer (so hoop ons) benut die Woensdagoggendspan die wintermaande om voort te gaan met die uitkap van rooipitjie terwyl ons ook plastiek en glas optel, veral rondom die rioolwerke en langs die paaie wat deur die reservaat loop. ‘n Hoogtepunt in hierdie tyd was die aanplant van endemiese bome. Wag, laat Ralph meer vertel.



## Die Boksombende (the Wednesday Morning Club)


Ons het by die GCBR (Gouritz Cluster Biosphere Reserve) aansoek gedoen vir befondsing vir toerusting om uitheemse plante uit te roei . Dit was suksesvol en ons is baie dankbaar oor die R3 000.00 skenking. Die skenking is gebruik om opvoubare handsae aan te skaf wat maklik in ‘n rugsak of broeksak kan pas. Daar is ook ‘n baie mooi artikel oor die JNR in die GCBR se nuusbrief hieroor geplaas.





Ons het ook ‘n skenking ontvang van keerwalblokke wat gebruik is om die sandduin langs die tennisbane te beheer. Wanneer dit erg reën loop die sand oor die onlangs gerestoureerde tennisbane en hierdie keerwal behoort die ergste stormskade te keer.

Die keerwalle is ook gebruik om die stappaadjie na die houtdek by die fonteindam te versterk.









## Padmaak: Planmaak met erosie en gekapte rooipitjie

Daar is werk gemaak van die erosie en stormwater wat in die paadjie by Skilpadslot afloop. Ons kon van die uitgesaagde rooipitjie gebruik as ‘n basis en het ook ‘n skenking ontvang vir kalkklippe om die keerwalle te vorm. Ons wou net natuurlike elemente gebruik binne die Jongensfontein Natuurreservaat (JNR) en is baie dankbaar vir die donasie vanaf Bertie Fox vir die kalkklippe.







## Rooipitjie kap

Daar is ook hard gewerk om die uitheemse plante groei te verwyder.





## Beloning na ‘n oggend se harde werk

Mike Steyn het vir die hardwerkende mense ‘n boerie en koeldrank voorberei en dit was nogals baie aangenaam na ‘n oggend se harde werk.



## Boomplantdag

Aan die begin van die jaar is daar besluit dat ons inheemse bome wat endemies aan die reservaat is wil plant langs en om die tennisbane. Daar is op 8 Julie 20 bome aan die onderkant van die tennisbane geplant. Die bome sluit in: Kuskanferbosse

(Tarconanthus littoralis), Duinekokobome (Maytenus procumbens), Witolienhoutbome (Buddleja saligna), Pokysterhout (Chionanthus foveolanthus), Perdebos (Clausena anisate), Witmelkhoutboom (Sideroxylon inerme), Witstinkhoutbome (Celtis africana) en Kankerbosstruik (Sutherlandia frutescens).

















Dankie aan Bertus Swanepoel, Denise Barnes, Eduard Fourie, Chrissie Watts, en Johan van Rensburg vir die skenking van bome.



## Tot volgende keer

Vir algemene inligting oor die reservaat, kontak gerus per WhatsApp vir Ralph Rudd (0825735591), vir inligting oor die voëls vir Gerald Gaigher (0833063266), en flora vir Eduard Fourie (0822022408). Besoek ons ook aanlyn:

**Friends of Jongensfontein Nature Reserve op Facebook**

https://www.facebook.com/groups/1570815726807019

**Jongensfontein Nature Reserve op Instagram**

https://www.instagram.com/jongensfontein_nature_reserve/

Vir meer inligting en fotos van die fynbos en bome in die Reservaat, besoek gerus die **Jongensfontein Nature Reserve project** op **iNaturalist** by https://www.inaturalist.org/projects/jongensfontein-nature-reserve





Om meer uit te vind oor die voëls wat in die Natuurreservaat sowel as langs die Jongensfontein kuslyn tot by Stilbaai asook tot by Blombos voorkom, besoek gerus die **Jongensfontein Nature Reserve projek** op **GoBirding** by https://gobirding.birdlife.org.za/jongensfontein/




## Indigenous trees and fynbos endemic to the nature reserve

White milkwood / Witmelkhout (Sideroxylon inerme)

Dune koko tree / Duine kokoboom (Maytenus procumbens)

Dune olive tree / Duine-Olienhout (Olea exasperate)

Dune Guarrie / Duineghwarrie (Euclea racemosa)

Pock Ironwood / Pokysterhout (Noronhia foveolata ssp. Foveolate)

Common Spikethorn / Gewone Pendoring (Gymnosporia buxifolia)

Bastard Spikethorn / Valspendoring (Putterlickia pyracantha)

Poison Starapple / Bostolbos (Diospyros dichrophylla)

Dune Saffronwood / Strandsaffraan (Robsonodendron maritimum)

Cape Sumach / Wildepruim (Colpoon compressum)

